# menlo-insig

26/2023

## LIEWE MENLO

Welkom terug, Menlopark!

Die jaar se uurglas loop vinnig leeg en dit is aanstons tyd om die boeke nader te trek. Die Insig wens graag vir elke Parkie sterkte vir die bedrywige tyd wat voorlê toe.

Geniet vir oulaas 'n opsomming van die derde kwartaal se hoogtepunte.

Eerste op die agenda is....


Die matriekafskeid!

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word daaraan herinner dat die weeklikse gebedsbyeenkoms op Donderdae tussen 07:30 en 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind. Kontak gerus 082 579 4968 indien u saam wil bid.

**Teks: Psalm 101:2-3**
"In my huis wil ek lewe in opregtheid, niks wat sleg is, wil ek nastreef nie."









# DAGBOEK

**13/10**
Atletiek: Grey College en Oranje Meisies (Bloemfontein) & Elardus Erasmus Prestigebyeenkoms (Naboomspruit)

**14/10**
Lentetee

**17/10**
Gholf: GN-Hoërskolespantoernooi (Irene)
Akademie: Toekenningsaand (Saal, 18:00)

**18/10**
Akademie: Top-10-funksie (Saal, 18:00)

**19/10**
Swem: Aflosgala
Perdesport: Afsluitingsfunksie (Klubhuis, 18:00)
Atletiek: Afsluitingsfunksie (Saal, 19:00)




# AKADEMIE

## Menlo-wetenskaplikes innoveer en inspireer

Menlo se nuwe generasie wetenskaplikes verdien volpunte vir innovasie, inspirasie en die integrasie van kennis, kreatiwiteit en tegnologie.

'n Klompie vernuftige navorsers het gedurende die vakansie aan die Eskom International Science Fair en die Northern Gauteng Science Fair deelgeneem. Hartlik geluk aan die leerders en NW-departement met uitstekende uitslae.

### Northern Gauteng Science Fair

| | |
|---|---|
| **Goud** | Clara Serfontein & Skye Smit; Jan-Ernst Weilbach; Liané de Wet & Adri de Beer. |
| **Silwer** | Luan Visser & Milan Visser; Cornel Buys & Rynhardt Buys. |
| **Brons** | Luané Erasmus & Johannes Maas. |

Al die gouemedaljewenners dring na die nasionale ronde van die ekspo in Desember deur.

### Spesiale toekennings

| | |
|---|---|
| Jan-Ernst Weilbach | Beste Afrikaanse Taalgebruik in 'n natuurwetenskapprojek. |
| Liané de Wet & Adri de Beer | Kategoriewenners: Mikrobiologie en Biochemie.<br>Vyfde beste projek (algeheel). |

### Eskom International Science Fair

| | |
|---|---|
| Erik Senekal & Le Roux van Wyk | Silwer & Kategoriewenners: Energy & Power |
| Inge Higgins | Algehele wenner van die junior afdeling en ontvang R50 000. |







## Herculean Olympic effort awarded

This year there were 47 brave pupils who took up the challenge of writing the English Olympiad. There were approximately 8 000 pupils countrywide who also wrote the examination.

They were given a booklet full of poems, short stories as well as extracts from texts and plays. They had to study these and then write a discursive essay and a transactional text based on some tricky topics relating to the texts they had to read.

28 pupils from Menlopark achieved bronze certificates. They attained between 60% and 70% for the examination.

Menlopark managed to walk away with 12 silver certificates. These pupils achieved between 70% and 80% for the examination. Congratulations on a sterling performance!

### Silver certificates

Clara Serfontein, Leandri Botha, Marco Visser, Robyn de Kock, Zanté van der Hoven, Luan Visser, Jasper Smit, Ella Wilsenach, Janine Kirsten, Zenica Grobler, Janke Vogel and Mikal Venter.



## Unmasking the Mystery: Winners of the Murder Mystery Book Quiz Revealed

How do you get students to read English books? Well, you plan a murder mystery book quiz of course! In a thrilling event that had participants on the edge of their seats, the highly anticipated Murder Mystery Book Quiz results were announced on 22 September. To participate the seniors had to read *One of us is Lying* and the juniors read the book *Dreadwood* and studied up on all things murder mystery. Let's delve into some of the intriguing questions that challenged the teams and made this quiz a truly memorable event.

Questions like: name the song by the Rolling Stones which is not only famous for its connection to crime but also made an appearance in the series Wednesday, or: what is a red herring , and even: name the South African inmate who recently faked his own death to escape prison. If your answers were: Paint it black, a misleading clue and Thabo Bester then you should have been there.

In third place, with a remarkable score of 86%, was the team "All of us are lying," consisting of Isabeau van Helsdingen, Imme Kromhout, Melissa Eberlanz, Bella Nel, and Bernice Bosch. Securing the second position, with a score of 92%, was the team "The Trackademics," comprising of Clara Serfontein, Corlise Potgieter, Skye Smit, Kaylin van Tonder, Lané Joubert, and Lyla Coetzee. The Tracademics were the only junior team to enter this year and have vowed to win next year's competition.

And finally, the winners were announced – the remarkable team known for their humorously inappropriate name, "The Pill Popping Puzzlers." With an impressive score of 96%, Rea Gololo, Leané Labuschagne, Janine Kirsten, and Zoë Wise emerged victorious.

The promise of next year's theme, "Zombies, Vampires, and Other Weird Things," already has everyone excitedly looking forward to another thrilling quiz adventure.







# DEBAT

## Menlo smaak sukses by Con Spirito-debatstryd

Die stryd om die land se beste hoërskooldebatteerders te kroon is in die laaste week van verlede kwartaal in die skadu van die Voortrekkermonument en onder die wakende oë van die leiers van ouds voortgesit. Die Hoërskool Menlopark het die woordestryd met 'n leërskare aangepak en uitstekende resultate behaal. Baie geluk aan die debatteerders, afrigters (o.l.v. me. Charlotte Buitendag) en organiseerder, me. Tanya Matthysen.










### Semifinale ronde

- Sewe Menlo-spanne dring na die landswye semifinale ronde deur: vier junior spanne en drie senior spanne.
- Juniors: Zané Smit & Kristen Smit (88%)*; Mikayla Zastrau & Leandri Botha (88%)*; Erik Senekal & Le Roux van Wyk (88%)* en Nina Dicks & Kaitlin Meyer (91%)*.
- Seniors: Ilme Taljaard & Altus Malan (85%), Lize Booysen & Rudolph Jordaan (85%)* en David Kunzmann & Andries Beyers (87%)*.

**Dring na die nasionale finaal deur.*

### Finale ronde

- 450 spanne het vir die eerste ronde van die Con Spirito-debatskompetisie ingeskryf.
- 20 junior en 20 senior spanne dring na die nasionale finale ronde deur – ses hiervan behoort aan Menlo.
- Seniors: Lize Booysen & Rudolph Jordaan behaal die sesde plek.
- Juniors: Nina Dicks & Kaitlin Meyer behaal die vierde plek.

# MUSIEK EN DRAMA

## Parkie-nootvrate stapel punte op

Menlo-musici eet die note wat netjies op die notebalk gestapel word vir ontbyt. Te dik vir 'n daalder? Kyk gerus na die uitstekende uitslae wat die Parkie-tjelliste in hulle UNISA-eksamen behaal het.

| | | |
|---|---|---|
| Jan-Hendrik Swanepoel | Gr. 2 | 91% (met lof) en verskyn ook op Unisa se ererol. |
| Daniël Pienaar | Gr. 4 | 82% (met lof) |
| Gerhard Mahne | Gr. 5 | 85% (met lof) |
| Jeanne-Marie v Brummelen | Gr. 3 (UNISA-teorie) | Met lof |
| | Gr. 4 (UNISA-sang) | 88% |

### Afrikaanse Kunsvereniging

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Alexander Pakendorf | Tjello | A | | |
| Gerhard Mahne | Tjello | 3 x A+ | Klavier | 4 x A+ |
| Luca Smit | Klavier | 2 x A+ | 2 x A | Itemwenner (jazzafdeling) |

Baie geluk aan Gerhard wat na die wennerskonsert genooi is om 'n toekenning in ontvangs te neem.

### Centurion Kunstefees

Rian Knoesen: 6 x A++; wen vier kategorieë Wenner: Beste gedramatiseerde werk; Algehele wenner: Dialoë









# Vaarwel, Matrieks!

Sjiek, stylvol, swierig, elegant, statig en modieus. Dit is slegs 'n paar woorde waarmee 'n mens die matrieks se gesellige Marokkaanse afskeidsfunksie kan beskryf.

Op Donderdag, 28 September, skuins voor sonsondergang en pas nadat die skoolklok die derde kwartaal vaarwel toegeroep het, het die matrieks hulle skooldrag vir deftige aanddrag verruil en soos Hollywoodsterre op die rooi tapyt by die matriekafskeid gepronk.

Baie dankie aan die graad 11-ouers en -voogde onder leiding van me. Lelanie van Wyk en mnr. Kobus Erasmus – elkeen verdien 'n veer in die hoed vir die aanbieding van 'n onvergeetlike aand wat nog lank in die matrieks se geheuebank gekoester sal word.

Die ouwêreldse Monte de Dios het die perfekte agtergrond vir die ry statige motors, wat van klassieke versamelaarsitems tot byderwetse ontwerperswonders gewissel het, gevorm. Daarby is die graad 12-ouers met eersteklaskaartjies vir die skouspel beloon en het dit terdeë geniet om te kyk hoe die matrieks soos sjiek James Bond's en Scarlett O' Hara's in hulle eie sprokie inwals ...

#Menloviraltyd



## GEES

### Menlo *rok* die loopplank aan die brand

Wat is lekkerder as die matriekafskeid? Om daardie pragtige rok of pak vir die tweede keer aan te trek!

Die saal is vandeesweek in 'n ommesientjie na 'n toneel wat aan die loopplanke van New York en Milaan herinner, omgetower. Die immergewilde rokshow was oudergewoonte een van die jaar se modehoogtepunte en die Menlo-modelle het gewys dat Suid-Afrikaners nie net beter rugby as die (meeste) Europeërs speel nie, maar ook beter *rok*sterre is.

Baie dankie aan me. Elné Coertzen en haar span wat die rokshow vir 'n kishou geslaan het, Keira de Jager en Viljee Smit wat as seremoniemeesters opgetree het en al die matrikulante wat hulle lywe Menlo-modelle gehou het. #Menlo*ROK*



# SPORT

## Tekkielympics ontgin talent

Daar is al gewik en geweeg, bespiegel en gewonder. Selfs stilletjies geoefen en oor dié tergende vraag geargumenteer en gedebatteer: Kan seuns netbal speel?

Die antwoord hierop vind 'n mens een maal per jaar, tydens die Tekkielympics, op Menlo se netbalbane waar seuns en dogters mekaar in gemengde spanne die stryd aansê. Vanjaar was geen uitsondering nie en die Insig deel graag 'n paar foto's van die skouspel.

Baie dankie aan me. Eleanor du Toit (netbalorganiseerder) en haar bekwame span wat verseker het dat die Tekkielympics seepglad verloop.








# ATLETIEK

## Menlo aan bopunt van podium

Die Curro Podium-reeks het een doel voor oë en dit is om die beste skoleatletiekspan in die land te identifiseer. Die reeks word oor verskeie rondes beslis en skole se atletiekdiepte en -krag word tot op die been ontbloot.  Vanjaar se streeksuitdunne is onlangs afgehandel en te oordeel aan Menlo se uitstekende vertoning sal die skool wat die Parkies se podiumkroon by hulle wil afneem hulle storie moet ken.

Beide Menlo se seun- en dogterspan verskyn op hierdie stadium boaan die punteleer. Hartlik geluk aan die atlete, me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith met uitstekende uitslae.







# LANDLOOP

Menlo se voorste landloopatlete het pas van Gqebera teruggekeer waar hulle aan ASA se landloopkampioenskap deelgeneem het. Baie geluk met uitstekende uitslae:

### Dogters

| | |
|---|---|
| O. 14 | Liné de Villiers (4de), Bianca Stoltz (5de), Michaela Marx (41ste), Shani Blom (56ste) en Annerike Heyneke (59ste). |
| O. 15 | Kaitlyn van Rooyen (4de). |
| O. 17 | Jackie Coertze (6de), Mart-Marie Jordaan (10de). en Liané Smit (20ste). |

### Seuns

| | |
|---|---|
| O. 14 | Llewellyn van Heerden (15de). |
| O. 15 | Leon Stoltz (19de) en JM Maritz (65ste). |
| O. 16 | Ewan Lourens (32ste). |
| O. 17 | Johann Roelofse (5de) en Jesse Pretorius (57ste). |





# NETBAL

## Menlo-netbalblitse dra kroon as SA kampioene

Menlo se doelgerigte Fast5-netbalspan het skoonskip by vanjaar se nasionale kampioenskap gemaak. Hartlik geluk aan die o. 17's wat die kroon as SA se Fast5-netbalkampioen dra. Baie dankie aan die toegewyde afrigter, mnr. Manny Ferreira, en die spelers wat weereens bewys het dat Menlo-netbal kook. Die Fast5-kampioenspan is: Amy van Staden, Minette Boshoff, Lua Neeb, Zenia Pretorius, Lente Kroukamp, Gabby Smith & Lisa van Vuuren. Amy is ook vir die Gauteng-span gekies en sal eersdaags aan die Soncini-spele deelneem. Baie geluk!

# GHOLF

## Sukses op die setperk

Die gholfliga is afgehandel en Menlo se spanne het die pyp gerook. Hartlik geluk aan die spelers en afrigters onder leiding van mnr. Nico van Eeden. Hier volg 'n opsomming van die seisoen se hoogtepunte:

| | |
|---|---|
| Eerstes | Ligawenners: A-Afdeling<br>Juan Human, Siebert Wiid, Jean le Roux & Sebastian Greenan. |
| Vyfdes | Tweede: B-afdeling<br>Daniélle Meiring, Jian de Beer, Christian Saaiman & Tian Loots. |
| GN-kleure | Siebert Wiid, Jean le Roux en Sebastian Greenan. |
| SA skole | Sebastian Greenan |











# TENNIS

## Menlo lig Wilsonskild!

Sun City word hoofsaaklik met die geklingel van dobbelmasjiene, palmbome, loodregte glyplanke en soms ook met gholf geassosieer.

Een maal per jaar sak die voorste tennisspelers van verskeie skole op die sonstad toe om die fel sonstrale en meedoënlose aanslag van die opponente af te weer.

Baie geluk aan Menlo se A-spanne (seuns en dogters) wat as wenners uit die stryd getree het asook aan die seuns se B-span wat hulle stem by die toernooi dik gemaak het.

| | |
|---|---|
| **Dogters A** | Jeanri Richter, Simoné van Zyl, Melissa Meyer, Carmen Nel & Minke Gildenhuys. |
| **Seuns A** | Jandré Viljoen, Joshua Smit, Kelly Mostert, Devan Matthee & Christiaan de Bruine. |
| **Seuns B** | Ludwig van Ginkel, Jan-Hendrik Swanepoel, Rheuben Pieterse, Jaden vd Westhuizen & Nicholas Pretorius. |






# FIETSRY

## Fietsryseisoen eindig op hoë noot

Die fietsryseisoen het verlede kwartaal sy gô uitgeblaas en Menlo se jaers was aan die voorpunt van die aksie. Hier volg die uitslae:

### CycleLab MTB se skolefinaal

| | |
|---|---|
| Sub Junior Girls | Katrijn Botha 16de |
| Junior Boys 15 | Wilhelm de Jager 43ste |
| Junior Girls 16 | Arielle Behr 7de |
| Junior Men 17 | Josh van der Merwe 6de, Ruben van Biljon 16de en Pieter Kriek 21ste |
| Junior Woman 17 | Jeanri Richter 24ste |
| Junior Men 18/19 | Reghardt v Biljon 14de en Ghian Muller 26ste |
| Junior Woman 18/19 | Madison Coombe 7de |

Die Hoërskool Menlopark eindig in die algehele sesde plek (nasionaal).

**Gauteng-kampioenskap:** Arielle Behr 7de; Josh van der Merwe



















# SPOG

## Menlo-veelsydigheid kraai koning

Alle Parkies is hoogs intelligent, talentvol en super spesiaal. Sommige van hulle kan, op land óf in water, teen 'n verbysterende spoed beweeg. Party weet net hoe om die kloutjie by die oor, of lie-wer die raket of stok by die bal, te bring en dan is daar 'n paar ander met die sonderlinge vermoë om beter as al die ander te rek, strek, stoei, moker of korrel.

Hier volg 'n opsomming van die Parkies se onlangse spogprestasies:

| | |
|---|---|
| Steve Stolk | Steve maak binnekort sy buiging vir die Pretoria Capitals in Suid-Afrika se premier- T20 krieketliga. |
| Caitlin Read | Caitlin behaal die derde plek by die SA tuimelkampioenskap. |
| JJ Boshoff | JJ verteenwoordig Gauteng-Noord by die Nasionale Luggeweer- en .22-Randslagkampioenskap. Hy behaal die tweede plek in die .22-ligtegeweerklas, sowel as die .22-swaargeweerklas. |
| Tiaan Boshoff | Tiaan verteenwoordig Gauteng-Noord by SA Stoei se Jeugkampioenskap. Hy neem aan die vrystylafdeling deel en verower die goue medalje. |
| Erik Senekal | Erik behaal die derde plek by die nasionale Programmeringsolimpiade en stof sodoende van die land se matrikulante uit. |

# PERDRY

## Parkies neem nasionale kampioenskap op horings



Dertien Menlo-ruiters het onlangs aan Sanesa se nasionale kampioenskap deelgeneem. Hier volg die name van die ruiters wat top-6-posisies behaal het:

Annabell Burger (4de), Donné de Jongh (3de), Inge Higgins (twee 2de plekke), Jana Fouche (4de), Madia van der Westhuizen (6de), Mirabelle Neveling (twee 1ste plekke, 3de & 4de), Paige Cronje (6de) & Zianè van den Berg (twee 1ste plekke, 4de & 5de). Welgedaan!

# GHOLF

## Kookwaterspel smelt opponente

Aan die voet van die Malutiberge lê die Vrystaatse juweel, Clarens. Die bekoorlike dorpie bied aan besoekers allerhande maniere om die koue te verdryf, insluitend 'n rondte gholf. Met die majestueuse berg in die agtergrond en met die ryp wat die gras dikwels soos 'n laag sneeu bedek, herinner die dorp inderdaad aan sy Switserse eweknie.

Alhoewel sommige Menlo-gholfspelers wat aan die Clarens Prestige Toernooi deelgeneem het verkluiming gevrees het, het hulle goeie spel die koue soos mis voor die son laat verdwyn. Baie geluk aan al die sportmanne en -vroue wat hulle slag by die toernooi gewys het en in die besonder aan die volgende spelers:



### A-afdeling

| | | | |
|---|---|---|---|
| Individueel | Siebert Wiid eindig na 'n spannende uitspeelstryd in die tweede plek. | | |
| Spankompetisie | 1. Helpmekaar | 2. Menlo 1 | 3. Menlo 2 4. Menlo 3 |

### B-afdeling

| | | |
|---|---|---|
| Individueel | 1. Wilna Beetge | 3. Amilia Coetzee |
| Spankompetisie | 1. Menlo 4 | 2. Clarens Ontwikkelingspan |
| | 3. Helpmekaar | |










WESTVAAL NORTH 20 SOUTH

# FIXTURES

WESTVAAL MOTOR GROUP

| VENUES | CAMP DISC | SINOVILLE | AHS | HARLEQUINS | CBCOB | WATERKLOOF | PHSOB | MENLOPARK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| THURSDAY 12-Oct 13:30 | Menlopark vs Grey High | SACS vs St. Andrews | Centurion vs Selborne | Wynberg vs Potch Volkskool | Rondebosch vs St. Stithians | AHS vs Westville | Waterkloof vs Grey College | Paarl Boys vs Nelspruit |
| VENUES | CAMP DISC | SINOVILLE | AHS | HARLEQUINS | CBCOB | WATERKLOOF | PHSOB | MENLOPARK |
| FRIDAY MORNING 13-Oct 09:00 | Waterkloof vs Nelspruit | Paarl Boys vs Grey College | Menlopark vs St. Andrews | Grey High vs SACS | Selborne vs Wynberg | Centurion vs Potch Volkskool | Rondebosch vs Westville | AHS vs St. Stithians |
| VENUES | CAMP DISC | SINOVILLE | AHS | HARLEQUINS | CBCOB | WATERKLOOF | PHSOB | MENLOPARK |
| FRIDAY AFTERNOON 13-Oct 14:00 | Waterkloof vs Paarl Boys | Nelspruit vs Grey College | SACS vs Menlopark | St. Andrews vs Grey High | Potch Volkskool vs Selborne | Wynberg vs Centurion | St. Stithians vs Westville | Rondebosch vs AHS |
| VENUES | CAMP DISC | SINOVILLE | AHS | HARLEQUINS | CBCOB | WATERKLOOF | PHSOB | MENLOPARK |
| SATURDAY MORNING 14-Oct 09:00 | D1 vs C2 Match D (Quarter 4) | C1 vs D2 Match C (Quarter 3) | B1 vs A2 Match B (Quarter 2) | A1 vs B2 Match A (Quarter 4) | C3 vs D4 Match G | D3 vs C4 Match H | A3 vs B4 Match E | B3 vs A4 Match F |
| VENUES | CAMP DISC | SINOVILLE | AHS | HARLEQUINS | CBCOB | WATERKLOOF | PHSOB | MENLOPARK |
| SATURDAY AFTERNOON 14-Oct 14:00 | Winner A vs Winner C | Winner B vs Winner D | Loser B vs Loser D | Loser A vs Loser C | Winner E vs Winner G | Winner F vs Winner H | Loser E vs Loser G | Loser F vs Loser H |
| VENUES | CAMP DISC | SINOVILLE | AHS | HARLEQUINS | CBCOB | WATERKLOOF | PHSOB | MENLOPARK |
| SUNDAY 15-Oct 09:30 | Final | 3rd/4th | 7th / 8th | 11th / 12th | 5th / 6th | Plate Final | 15th / 16th | 13th/14th |















# Spesiale aanbieding

Feesjaarkoffiebekers: R40

Feesjaarbeker-en-sokkie-kombinasie: R200

Beskikbaar by Ontvangs / Terwyl voorraad hou.


# Onthou: Menlo is kontantloos.

# MARKPLEIN


TOYOTA
LEAD THE WAY
NMI TOYOTA MENLYN
Legendary deal
HILUX DOUBLE CAB, LEGEND 4X4 RS AUTO
ONLY R899 900
Colette Nel
New car Sales Executive
012 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply


KRAZEEE
party supplies
Carin Janse van Rensburg
krazeeeparties@gmail.com
084 581 4341
144 Caribaeastraat, Lynnwoodrif


NEXT TO
APARTMENT HOTEL
%
15% Discount for Hoërskool Menlopark Students & Parents
• Free Wifi
• Washing Machine
• Smart TVs
• On-site Cafe
• 24h Security
• Underground Parking
309 Lynnwood Rd, Menlo Park Pretoria
+27 072 750 9895
+27 087 898 3269
bookings@nextto.co.za
www.nextto.co.za


R350 PP
INCL LIGHT REFRESHMENT
BRING A FRIEND AND RECEIVE A DISCOUNT
COLAB HEALTH
PRESENTS:
EVERYTHING YOU NEVER KNEW ABOUT
ADHD
Come join us for an educational evening about all things related to ADHD
Speakers:
Dr Mignon Hamman (General practitioner)
Danielle de Pinho (Biokineticist)
Sariza Swart (Occupational therapist)
Reatha Badenhorst (Dietitian)
DAY
26 OCT
TIME
18:30
Sunwood Park, Unit 5B
379 Queens Crescent,
Lynnwood
Limited seats. Book before 12 October at
0662727488 or reception@colabhealth.co.za


NGUNI MOON
VLEISVERWERKING
PIET
JANSE VAN RENSBURG
082 948 2839
ngunimoon2019@gmail.com
@ngunimoon
144 Caribaea Str, Lynnwoodrif





# Getz Driving Academy

**079 364 5806**

**Optel en aflaai by huis**

Leerlinglisensie vir motorfiets(Kode 1), Motorvoertuig(Kode 2) en Swaarvoertuig(Kode 3)

**Bestuurslisensie vir motorvoertuig(Kode B) en EB(Karavaan en sleepwa 750kg+)**

Alle toetspakkette sluit in
Toetsafsprake maak
Mondelingse aanlyn kursus(Leerlinglisensie)
Bestuurslesse(Bestuurslisensie)
Bevestigings rit na toetssentrum
Toetsdag(LL+BL) met gebruik van voertuig en sleepwa(EB)
Hersienings les (Parkerings+Roete ry)

**Opleiding in Centurion en Pta Oos**

Debiet/Kredietkaart fasiliteite beskikbaar

**Besoek ons webwerf vir pryse en pakkette**

Www.getzdrivingacademy.co.za